


## LENTEFEES 2026 IS HIER!




**Vrydag 4 September**

Die Lentefees open amptelik Vrydag, 4 September 2026 om 16:00.

Laerskool Constantiapark se trompoppies kom wys hulle talent om 17:00.

Die braaivleisvure word al vroeg aangesteek, en jy het 'n keuse tussen 'n heerlike bord braaivleis, of 'n boereworsrol. Vir die soettand is daar wafels met roomys en stroop. Jeuglig staan gereed met onder andere Cappucino en slushies vir die kinders. Om **18:30** volg ons ons tradisie met die **Quiz-aand** wat elke jaar vir baie pret sorg!

Die boereworsrolle, wafels asook ander kos kan van 17:00 af gekoop word. Die **braaivleis** moet vooraf bestel en betaal word. Kaartjies is vanaf Sondag, 30 Augustus na die Oggenddiens te koop. Dit is **R135 per bord** en sluit die volgende in:

- Lamsbladtjop en ‘n stuk boerwors
- Paptert
- Pampoenpastei
- Mengelslaai
- ‘n Nagereg

Bring asseblief jou eie eetgerei saam vir die braaivleis.

**Saterdag 5 September**

Hierdie jaar het ons weer 'n heerlike **pretloop** van onderskeidelik 2 en 5 kilometer. Inskrywingsvorms is aanlyn beskikbaar en **inskrywingsgeld** is slegs **R30**. Remax borg die pretloop se verversings.

**Kontaknommer:** 012 804 7787
**Selfoon en WhatsApp:** 073 794 2210
**E-pos:** info@skuilkrans.co.za
**Webwerf:** www.skuilkrans.co.za
**Kantoorure:** Weekdae 08:00 tot 13:00

ng gemeente skuilkrans

## LENTEFEES 2026 IS HIER!

**Tussen 08:00 en 10:00** gaan daar **ontbyt** te koop wees. **Stalletjies open om 09:00**. Besoekers kan uitsien na 'n heerlike fees met 'n "Country & Western" tema. Jy kan uitsien na uitstallers met kwaliteitprodukte, soos sterling silwer juwele, ons eie tannie Gerrie se Barbie-popklere, handgemaakte juwele, Christelike produkte, gebreide popklere en speelgoed, piekniekkomberse en pragtige potloodsketse deur 'n jong entrepreneur. Ons tuisgebak- en lekkergoedtafel gaan kreun onder verskeie lekkernye, dit alles uit die kombuise van ons eie gemeentelede.

Die koskeuses wissel van die tradisionele boereworsrolle, pannekoek, jaffels tot meer moderne kos, soos Hamburgers en "Popping boba Craft Soda". Staan **10:00** in die parkeerarea gereed vir 'n **lyndans** – enigeen kan deelneem en dit is **gratis**. Daar is ook verskeie grasperkspeletjies vir oud en jonk asook 'n persoon wat die kinders gaan bederf met gesigsverf.

Terwyl ons buite feesvier, neem sewe kore vanaf 10:00 aan die Juniorkoorfees in ons kerk deel.

Ons veil 'n Swartwildebees op en die wenner sal tydens die Lentefees om 13:00 aangekondig word. Die vleis is reeds verwerk tot droëwors, biltong, ens. Daar is slegs 150 kaartjies beskikbaar. Die **kaartjies** kos **R150** elk, en sal Sondag, 30 Augustus na die Oggenddiens te koop wees.

**Ons nooi almal uit na NG Gemeente Skuilkrans se Lentefees van 2026 waar vreemdelinge vriende word!**

## Eredienste

**30 Augustus 2026**
Oggenddiens – Ds. Piet Meiring
Gesinsdiens – Ds. Anna Gouws
Aanddiens – Ds. Nadine Swanepoel

**6 September 2026**
Gesamentlike Feesdiens – Alle leraars
Gesinsdiens – Geen
Aanddiens – Geen

## Datums om te onthou

**4-5 September:** Lentefees
**7 September:** Mental Wellness Group
**10 September:** Senioraksie
**11 September:** Sokkie en braai
**7 Oktober:** Matriekgebedsaand
**18 Oktober:** Belydenisaflegging
**15-17 Oktober:** Sinodesitting

## Juniorkoorfees

Terwyl ons buite feesvier, neem sewe kore aan die Juniorkoorfees in ons kerk deel:

10:00 Laerskool Constantiapark
10:15 Laerskool Danie Malan
10:30 Laerskool Garsfontein
10:45 Glenstantia Primary
11:00 Laerskool Kenmare
11:15 Laerskool Monumentpark
11:30 Laerskool Constantiapark Gr R koortjie

## Lentefeeshelpers

Kies asb. jou gunsteling Lentefeesstalletjie en tydgleuf waar jy kan help op die Jotform.

## Veldpretkamp

Veldpret 2026 vind van 1 - 3 Oktober op Bronkhorstspruit plaas. Hierdie kamp is 'n projek van ons sinode se Taakspan: Ekologie. Alle kinders in Graad 5–7 vanuit gemeentes regoor ons sinodale streek is hartlik welkom om deel te wees van hierdie besondere ervaring. Veldpret bied kinders die geleentheid om deur avontuur, natuur en geloof meer van God se skepping én hul eie plek daarin te ontdek. Meer inligting is op ons webblad beskikbaar. Navrae: Fienie le Roux - ontvangs@sinoos.co.za.

## Bybelskool

Skuilkrans-Bybelskool: Ses weke vanaf 21 Oktober tot 25 November 2026. Aanbieder: Prof. Willem Boshoff. Apokrief: Wat is die Ou-Testamentiese apokriewe Boeke? Koste: R300 per persoon.

## Verjaarsdae

**30 Augustus:** Johan Barkhuizen, Deon Basson, Mariën Jordaan, Wimpie Murray, Charlene Rheeder, Willem van der Bank.
**31 Augustus:** Marianne Badenhorst, Annetjie Krebs, Remy Schreuder, Martie Swarts, Lohan van Zyl.
**1 September:** Elise Franz, André le Roux, Wiana Louw, Anel Naude.
**2 September:** Daniël Hechter, Jan Olivier, Michaela Theron, Martie Venter.
**3 September:** Herby Brown, Bianca Pieterse, Mia Wimmers.
**4 September:** Luan de Jager, Johan Griesel, John-Murray Hofmeyr, Simoné Jordt, Luhann Liebenberg, Lion Pienaar, Christoff Prinsloo, Claudette van den Berg.
**5 September:** Esbe Badenhorst, Heinru Haarde, Rykie Meiring, Jaco Meyer, Marietjie Serfontein, Vivia van der Walt.

## Ons bid vir:

**Jelika Botha**, wat goed herstel na 'n heupvervanging.

**Francois van Niekerk**, ons vorige orrelis, wie se pa verlede Vrydag oorlede is.

**Tinus Driescher,** wat steeds in die hospitaal is.

**Johan Mills, Johan Nieuwoudt** en **Dion van Dyk** en andere wat aan Parkinsons ly.

Lidmate en vriende wat tans onder diverse kankerbehandeling is: **Johan Dednam**, **Pierre le Roux, George Lerm**, **Eugene Lombard, Magda Meyer, Francois Mienie**, **Carol Nel** in die VSA, **Hasie Pieterse, Roché Schoeman, Kobus Slabbert** in NZ, **Kotie Smith, Siegie van der Walt** en **Pieter van der Westhuizen.** Ons bid ook vir elkeen van hulle se gesinne en versorgers.

Lidmate en geliefdes wat in versorgingsafdelings is en tuis versorg word: **Hannelie Roets, Orsella Steyn, Rosa Struck, Chrissie van der Vyver, Frede van der Westhuizen** en **Deon van Zyl** (Masonic Haven); **Oostewald van Niekerk** (Selrosepark), **Adré Louw** (Duitse Ouetehuis, Groenkloof); **Susan Chamberlain**, **Paul Linde** en **Martie Smith** (Willow Haven), asook **Dora Barnard**, **Andries en Ria du Plessis**, **Annatjie Jonker**, **Bill Prinsloo** en **Johan Troskie**.

***Daar is ook lidmate en geliefdes wat gevra het om nie vermeld te word nie.*** *Skakel gerus die kerkkantoor of een van die leraars met inligting oor siekte of hospitalisasie.*

## Gebed

**Ons dank die Here vir:**

- Die genade wat Hy ons gee om deel te mag wees van hierdie gemeente, waar daar met soveel liefde en empatie met mekaar omgegaan word.
- Die ondersteuning van gemeentelede in die aanloop tot die Lentefees.

**Ons bid tot die Here vir:**

- Integriteit en verantwoordbaarheid by alle kandidate en beamptes wat betrokke is en sal wees by ons land se verkiesing in November.
- Genade en die behoud van die graanbedryf wat tans droogtes in die gesig staar.
- Verligting van spanning in gemeenskappe as gevolg van baie faktore, wat ook oorloop na die gedrag van kinders in die skole en tersiêre inrigtings.
- Sy seën op die beplanning en verrigtinge van die Lentefees.
- Die beëindiging van die Ebola-uitbraak in die DRK, waar die verlies aan lewens steeds toeneem.
- Elke lidmaat se hart – dat die Here dit sal beweeg tot blymoedige en getroue bydraes volgens elkeen se vermoë. Mag ons saam, in eenheid en vreugde, die bediening van hierdie gemeente ondersteun, sodat Hyself deur Sy volk voorsiening sal maak.

## Gemeentekommunikasie

Kommunikasie is vir ons gemeente 'n groot prioritieit. Sluit gerus by Skuilkrans se WhatsApp-Gemeenskap aan.

Op die WhatsApp-groep "Daaglikse Gemeentenuus" plaas ons meer gereeld nuus en deel stories, foto's en getuienisse. Jy is ook baie welkom om vir ons bydraes in te stuur van die projekte, aksies en groepe waarby jy betrokke is. Stuur dit gerus na die kerkkantoor: info@skuilkrans.co.za of annabelle@skuilkrans.co.za voor Woensdae 12:00.

Indien jy verkies om 'n briefie met die hand te skryf, kan jy dit in die posbussie in die voorportaal van die kerk gooi.

## Bankbesonderhede

Rekeningnaam: Skuilkrans NG Gemeente

Bank: ABSA

Takkode: 632005

Tipe rekening: Tjekrekening

Re keningnommer: 70580403